

Lekkerbekkie Nuusbrief

16 JULIE 2014 | UITGAWE 65



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Beertjie lees 'n storie
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Beertjie lees 'n storie deur Anna Emm

Beertjie woon saam met al die ander speelgoed in die speelkamer. Hy is al 'n ou beertjie, en die ander speelgoed speel nie graag met hom nie. Hulle dink hy is outyds. Beertjie is maar altyd alleen.

Op 'n dag tel Beertjie 'n storieboek op wat een van die kinders in die speelkamer vergeet het. "Wat is dit hierdie?" vra hy vir die Lego-mannetjies.

"Dis 'n boek," sê hulle. "Daar is 'n storie in. As jy kan lees."

Beertjie maak die boek oop om te sien of hy kan lees. En dan rek sy ogies groot! Nie net is die boek vol van die mooiste prentjies wat hy nog ooit gesien het nie, maar die lettertjies op die bladsy vertel sowaar 'n storie! En hy kan sowaar lees! Beertjie gaan sit in die hoekie en begin die storie lees. Hy lees en hy lees, en hy kyk nie een keer op nie.

"Waar is Beertjie dan vandag?" vra die lappoppe. Hulle soek hom oral. Maar Beertjie sit in die hoekie en lees in die boek. Hy kyk nie op nie, en hy hoor nie eens as die lappoppe hom roep nie!

"Waar is Beertjie dan?" vra die plastiek-perdjies. Hulle kyk rond in die speelkamer. Hulle roep en roep, maar Beertjie hoor hulle nie eens nie. Hy sit in die hoekie en lees in die boek.

Later die dag staan al die speelgoed rondom Beertjie en loer nuuskierig na hom. Maar Beertjie lees só lekker, hy sien hulle nie eens raak nie! Die storie is snaaks, en Beertjie lag. "Hoekom lag hy?" vra die Lego-mannetjies. Maar niemand weet nie.

Uiteindelik is die storie klaar, en Beertjie sit die boek neer. "Dit was 'n heerlike storie!" lag hy. "Julle moet dit ook lees."

Maar o aarde, nie een van die ander speelgoed kan lees nie! Hulle staar na die lettertjies en draai die boek in die onderstebo, maar hulle kan nie die storie uitmaak nie. Hulle voel nou sommer baie hartseer. Hulle wil ook die storie lees. Hulle wil ook weet hoekom Beertjie gelag het!

Nou kry Beertjie sommer 'n blink plan. Hy tel die boek op, gaan sit, en begin die storie vir die ander speelgoed lees. Almal gaan sit rondom Beertjie, en hy lees en hy lees. Die speelgoed luister en hulle luister. Dit is die lekkerste storie wat hulle nog ooit gehoor het!

Van daardie dag af het Beertjie die storieleser in die speelkamer geword, en elke keer wanneer een van die kinders 'n boek op die vloer vergeet het, het hy dit vir die ander speelgoed gelees. En dit is dan hoe Beertjie almal in die speelkamer se heel beste maatjie geword het! Die ander speelgoed was bly dat hy al sou oud was, en dat hy kon stories lees!

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Lekker Afrikaanse speurverhale vir ouer kinders!

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

As jy 'n 9-14 jarige in die huis het, moet jy beslis vir jou die “Alexie Mol”-speurreeks op audio boeke aanskaf! Hierdie lekker lang luisterstories sal oud en jonk vir ure vasgenaai laat luister – 'n ware skat vir enige Afrikaanse storieversameling!

Ontmoet vir Alexie Mol. Haar pa is 'n uitvinder en haar ma is 'n kunstenaar. Sy is seker dis omdat sy nie "normale" ouers het nie, dat sy so 'n bietjie weird is. Alexie Mol se grootste droom is om eendag 'n regte joernalis te word. Intussen laat haar nuuskierigheid haar dikwels in die moeilikheid beland...

Hierdie week slegs R350 vir al 3 avonture – slegs by ANNA EMM agente! Vir 'n agent in jou area kontak agente@annaemm.co.za, of bestel die audio boeke teen die normale prys by www.AnnaEmm.co.za | 021 930 0908



AFRIKAANSE SPEURVERHALE

vir 9-14 jariges

*Die 3de “Alexie Mol” avontuur is hier...
voorgelees deur ANRICH HERBST!*

Spesiale aanbod:
Kry “Alexie Mol en die slang in die gras” @ slegs R110
of
koop al 3 “Alexie Mol”
avonture vir slegs R350!
(Normale prys R130 elk)



Aanbod sluit 21 Julie!
Slegs deur agente.

AUDIO BOEKE VIR 9-14 JARIGES

AUDIO BOEKE VIR 9-14 JARIGES

AUDIO BOEKE VIR 9-14 JARIGES

Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Beertjie lees 'n storie illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za